education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 3**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**102-1/3**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL HG: Vraestel 3

102 1 3 HG

X25

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye, wat die bylae insluit.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Maak seker dat jou eksamennommer op die antwoordboek reg is.
3. Beantwoord EEN vraag uit elkeen van die afdelings A, B en C.
4. Skryf duidelik en leesbaar**.**
5. Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies bo-aan.
6. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.
7. Ons beveel aan dat jy jou werk deurlees voordat jy dit inlewer.
8. Dui die aantal woorde aan die einde van elkeen van jou skryfstukke aan.
9. Doen VRAAG 2.3, 3.2 en 3.3 op BYLAE A, B en C.

Kopiereg voorbehou


## AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE

## VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 250 - 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe:

1.1 VERHALENDE OPSTEL

**'n AVONTUUR WORD 'n TRAGEDIE**



[Uit: *Understanding everyday Xhosa,* Pam Wilken]

'n Heerlike avontuur het op jou en 'n paar maats gewag! Julle was opgewonde en bly toe die groot dag aanbreek. Min het julle geweet dat die groot avontuur in 'n tragedie gaan eindig. Dalk was die tragedie wat met julle gebeur het soos in die prentjie, dalk was dit heeltemal iets anders.

Vertel ons daarvan.


Hou die volgende in gedagte:

- Wat was die avontuur waarna jy so uitgesien het?
- Waar en wanneer het dit plaasgevind?
- Wie was almal saam met jou?
- Wat het verkeerd geloop?
- Hoe het jy gevoel?
- Hoe het die tragedie geëindig?

**OF**

1.2 BESKRYWENDE OPSTEL

**'n SPORTBYEENKOMS OF 'n SPORTKOMPETISIE**



[Uit: *Understanding everyday Xhosa*, Pam Wilken]

Die prentjie hierbo beeld 'n sokkerwedstryd uit. Ons het elkeen ons eie sportsoort waarvan ons hou en waarna ons graag kyk. Vir jou het 'n droom waar geword toe jy jou span of speler in aksie kon sien!

Beskryf nou dié baie spesiale sportbyeenkoms of sportkompetisie wat jy bygewoon het.


Hou die volgende in gedagte:

- Watter sportsoort was dit?
- Waar en wanneer het dit plaasgevind? (Beskryf die plek, die dag, die atmosfeer)
- Wie het aan die wedstryd/kompetisie deelgeneem? (Beskryf die deelnemer/s en sy/hulle klere)
- Wat het tydens die wedstryd/kompetisie gebeur? (Beskryf die gebeure en die mense se reaksies)
- Hoekom was die wedstryd/kompetisie so spesiaal? (Beskryf die interessante toeskouers, die atmosfeer, die opwinding, die goeie wedstryd …)

**OF**

1.3 ARGUMENTERENDE OPSTEL

**DIT IS VERKEERD OM DIE LOTTO TE SPEEL**




Miljoene mense koop elke Saterdag en Woensdag 'n Lottokaartjie en hoop om baie geld te wen. Die Lotto is maar net nog 'n manier van dobbel en om te dobbel, is verkeerd.

Stem jy saam met hierdie stelling dat dit verkeerd is om die Lotto te speel? Gee jou opinie en motiveer dit.


Hou die volgende in gedagte:

- Waarom speel mense die Lotto?
- Is dit reg of verkeerd om te dobbel en waarom dink jy so?
- Hoe verander dit mense se lewens as hulle die Lotto speel?
- Moet die Lotto bly of weggeneem word? Verduidelik wat jou opinie hieroor is.

**OF**

1.4 BESPIEGELENDE OPSTEL

**WAARHEEN NA MATRIEK AS JY NIE KAN WERK KRY NIE?**




[Uit: *Volksblad,* Des. 2005]

Volgens *Rapport* van 4 Desember 2005 sal daar in 2006 werk vir net 40% van die graad 12-leerders wees. Dit is hartseer as 'n mens in ag neem dat die seun in die prentjie so bly is omdat hy matriek geslaag het.

Die hoë werkloosheidsyfer in ons land is 'n groot probleem en het baie implikasies of gevolge. Die antwoord op die probleem is ook nie maklik nie. Vertel ons wat jy hiervan dink.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe voel jy oor die werkloosheidsprobleem in die land?
- Is dit 'n **probleem** vir almal as hulle nie werk kry nie, of sien hulle dit as 'n **kans** om self werk te skep?
- Wat kan matrikulante alles doen om werk te kry?
- Wat is jou finale opinie oor werkloosheid na matriek?

**OF**

1.5 FEITELIKE OPSTEL

**PAS DIE NATUUR OP!**

Dit is nodig om die natuur op te pas, want die mens vernietig die natuur deur besoedeling, deur bosse uit te kap, stede te bou en diere dood te maak. Sonder plant- en dierelewe is die lewe vir die mens op aarde nie moontlik nie.

Bespreek die redes waarom die natuur belangrik is.

Hou die volgende in gedagte:

- Die verkeerde dinge wat die mens in die natuur doen.
- Die belangrikheid van die volgende in die natuur:
  - bome en plante
  - water
  - insekte en diere
  - skoon omgewing.
- Die balans wat daar in die natuur moet wees.

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## KORTER SKRYFSTUKKE


## AFDELING B: FUNKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 2

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**DANKIE, OUMA EN OUPA**



[Uit: *Human and Social Sciences,* W. Hall, T. Holomisa, P. Sekele]

Jy het by jou ouma en oupa grootgeword. Hulle het baie vir jou gedoen. Jy het nou 'n goeie werk en wil hulle graag bedank vir alles wat hulle vir jou beteken het. Skryf 'n brief en bedank hulle vir alles wat hulle vir jou geleer en gedoen het.

Hou die volgende in gedagte:

- Noem alles wat jou oupa en ouma vir jou gedoen het.
- Sê watter verskil hulle aan jou lewe gemaak het.
- Vertel hulle wat jy nou doen.

**OF**

2.2 DIALOOG

**SONDE MET DIE BURE**

Jou bure het 'n klomp honde wat aanhoudend blaf en tjank. Jy het genoeg daarvan gehad en is baie kwaad. Jy het besluit om met jou buurman/buurvrou oor die probleem te gaan praat. Skryf julle gesprek in dialoogvorm neer. Elke spreker moet ten minste 5 keer praat.

Onthou: Jy mag nie vloekwoorde en vuiltaal gebruik nie.

Begin so:

| | |
|---|---|
| Jy: | Jou hond hou my snags uit die slaap! |
| Hy/Sy: | Ag nee, dit is nie so erg nie. |
| Jy: | |

**OF**

2.3 VERSLAG

*Beantwoord dié vraag op BYLAAG A.*

**AANRANDING NABY SKOOL**

Jy was 'n ooggetuie toe iemand verlede Vrydagaand om sesuur naby die skool aangerand is. Jy moet 'n polisieverslag invul. Voltooi die vorm vir hierdie verslag op BYLAAG A op bladsy 13 en 14 van die vraestel.


**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 3

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

3.1 HULDEBLYK



[Uit: *Understanding everyday Xhosa,* Pam Wilken]

'n Baie spesiale persoon het onlangs gesterf. Jy moet vir die plaaslike koerant 'n huldeblyk oor die oorledene (persoon wat dood is) skryf.

Hou die volgende in gedagte:


- Wie was die persoon?
- Wanneer en hoe is die persoon oorlede?
- Watter tipe persoon was die oorledene en waarom was hy/sy spesiaal?
- Wat het hy/sy alles vir die mense gedoen?
- Wat het die oorledene vir jou beteken?

**OF**

3.2 CURRICULUM VITAE

*Beantwoord dié vraag op BYLAAG B.*

Jy stel belang in een van die poste wat in die plaaslike koerant geadverteer is. Lees die advertensies goed deur en voltooi dan die CV op BYLAAG B op bladsy 15 en 16.




KOK GESOEK

Vyfster-natuurreservaat is op soek na 'n inwonende kok. Moet kreatief wees, resepte kan lees en gekwalifiseer wees in alle aspekte van die kookkuns. Moet vir 12 - 25 mense op 'n slag 'n driegang-maaltyd kan bedien. Moet 'n kenner wees van Suid-Afrikaanse kos en wildsdisse. Moet ten minste tweetalig wees.

Faks CV aan Marie by 012 456567.

Indien jy nie binne 21 dae van ons hoor nie, beskou asseblief jou aansoek as onsuksesvol.



WINKELASSISTENT

Winkelassistent benodig vir besige apteek in Tzaneen. Vorige verkoopsondervinding is 'n vereiste. Moet rekenaargeletterd wees. Moet akkuraat met geld kan werk. Moet tweetalig wees. Moet goeie menseverhoudings kan handhaaf.

Dit is 'n sesdagpos.
Werksure: 08:00 - 17:00

Faks jou CV na 014 7643201
Sluitingsdatum: 1 Desember 2006

**OF**

3.3 MEMORANDUM

*Beantwoord dié vraag op BYLAAG C.*



[Uit: *Shuters Business Studies*]

Jy is die bestuurder van 'n maatskappy. Die eienaars van die maatskappy het agtergekom dat daar diefstal plaasvind en dat goedere gesteel word. Dit kos die maatskappy baie geld. Die maatskappy se verliese is gevolglik baie groot.

Die eienaars het jou, die bestuurder, gevra om 'n memorandum voor te berei om die ander personeellede van die diefstal te vertel en hulle te waarsku.

Hou die volgende in gedagte:

- Die plekke en tye waar die diefstal plaasgevind het.
- Goedere wat gesteel is.
- Hoeveel geld die maatskappy verloor het.
- Die stappe wat die maatskappy teen die skuldiges gaan doen.
- Die maatskappy se planne om verdere diefstal te voorkom.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

# BYLAAG A

| | |
|---|---|
| **EKSAMENNOMMER:** | |
| **SENTRUMNOMMER:** | |

**2.3** POLISIEVERSLAG

Saaknommer: 2345

**Inligting van verklaarder**:

Van en volle naam: ______________________ (1)

Woonadres: ______________________ (1)

______________________

______________________

ID-nommer: ______________________ (1)

**Inligting omtrent die misdaad:**

Soort misdaad: ______________________ (1)

Tyd: ______________________ (1)

Gee 'n presiese en volledige beskrywing van die plek waar die misdaad plaasgevind het (ongeveer 20 woorde).

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

Gee 'n beskrywing van die verdagte (die persoon wat aangeval het) (ongeveer 20 woorde).

______________________

______________________

Gee 'n beskrywing van die persoon wat aangeval is (ongeveer 30 woorde).

Vertel wat jy gesien het (ongeveer 30 woorde).

Vertel wat jy gedoen het (ongeveer 30 woorde).

(15)

**[20]**

## BYLAAG B

**EKSAMENNOMMER:** ____________________

**SENTRUMNOMMER:** ____________________

3.2 CURRICULUM VITAE

### PERSOONLIKE BESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Van en volle naam: | ____________________ | (1) |
| Geboortedatum: | ____________________ | (1) |
| Adres: | ____________________<br>____________________<br>____________________<br>____________________ | (1) |
| Noem twee tale wat jy kan praat: | ____________________<br>____________________ | (2) |
| Noem jou hoogste akademiese kwalifikasie: | ____________________ | (1) |
| Noem jou professionele kwalifikasie vir hierdie pos: | ____________________ | (1) |
| Noem EEN sportsoort waaraan jy deelgeneem het: | ____________________ | (1) |
| Noem EEN kulturele aktiwiteit waaraan jy deelgeneem het: | ____________________ | (1) |
| Noem jou vorige werksondervinding: | ____________________ | (1) |
| | 10 ÷ 2 | (5) |

### VERDERE INLIGTING:

Noem DRIE redes waarom jy die werk moet kry (ongeveer 60 woorde).

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Vertel meer oor jou karakter (ongeveer 40 woorde).

Vertel meer oor jou vorige werksondervinding (ongeveer 20 woorde).

(15)

**[20]**

# BYLAAG C

**EKSAMENNOMMER:** ____________________

**SENTRUMNOMMER:** ____________________

3.3 MEMORANDUM

| | |
|---|---|
| NAAM VAN DIE MAATSKAPPY: | |
| AAN: | |
| VAN: | |
| DATUM: | |
| ONDERWERP: | (5) |
| | |
| BOODSKAP: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | (15) **[20]** |